Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480
Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE VERSLAG VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG
30 SEPTEMBER EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND 2007

HOOFTREKKE

- Wesensverdienste per aandeel: +25.5%
- Intrinsieke waarde per aandeel op 30 September: R228.33
- Tussendividend per aandeel: +17.6%

Verkorte gekonsolideerde balansstaat

	30 September		31 Maart
	2007	2006	2007
	R'm	R'm	R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**2 504**	2 485	2 441
Biologiese landboubates	**68**	95	91
Beleggingseiendomme	**47**	32	32
Klandisiewaarde en handelsmerke	**402**	403	413
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	**34 931**	31 761	33 033
– Gesamentlike ondernemings	**23**	1	8
– Ander	**6 644**	4 551	6 245
Aftreevoordele	**10**	–	10
Lenings	**2**	2	2
Uitgestelde belasting	**125**	88	124
	44 756	39 418	42 399
Bedryfsbates	**7 608**	6 540	7 460
Kontant en kontantekwivalente	**4 533**	4 108	5 004
Ander bedryfsbates	**3 075**	2 432	2 456
Totale bates	**52 364**	45 958	49 859
EKWITEIT EN LASTE			
Uitgereikte kapitaal	**45**	8	8
Reserwes	**49 093**	43 344	47 161
Tesourie-aandele	**(1 521)**	(1 415)	(1 497)
Aandeelhouersekwiteit	**47 617**	41 937	45 672
Minderheidsbelang	**539**	633	755
Totale ekwiteit	**48 156**	42 570	46 427
Nie-bedryfslaste	**1 691**	1 316	1 579
Aftreevoordele	**212**	211	213
Langtermynlenings	**220**	233	161
Uitgestelde belasting	**1 259**	872	1 205
Bedryfslaste	**2 517**	2 072	1 853
Korttermynlenings	**375**	412	234
Ander bedryfslaste	**2 142**	1 660	1 619
Totale ekwiteit en laste	**52 364**	45 958	49 859
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
(toeskryfbaar aan ekwiteithouers)			
– Teen boekwaarde	**R100.78**	R88.69	R96.69
– Teen intrinsieke waarde	**R228.33**	R185.17	R221.00

Verkorte gekonsolideerde inkomstestaat

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2007 R'm	2006 R'm	2007 R'm
Verkope	**4 624**	3 755	7 872
Voorraaduitgawes	**(3 015)**	(2 342)	(4 781)
Personeelkoste	**(810)**	(677)	(1 302)
Waardevermindering	**(129)**	(110)	(223)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(190)**	(187)	(550)
Handelswins	**480**	439	1 016
Dividende ontvang	**188**	79	156
Rente ontvang	**165**	206	332
Finansieringskoste	**(9)**	(15)	(28)
Negatiewe klandisiewaarde	**–**	–	44
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**6**	–	–
Wins met die aflossing en verkoop van beleggings	**96**	6	7
Gekonsolideerde wins voor belasting	**926**	715	1 527
Belasting	**(194)**	(211)	(403)
Gekonsolideerde wins na belasting	**732**	504	1 124
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**3 681**	2 698	6 003
Netto wins	**4 413**	3 202	7 127
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**4 347**	3 136	6 942
Minderheidsbelang	**66**	66	185
	4 413	3 202	7 127
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings			
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**3 561**	2 789	5 995
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(18)**	7	(12)
Wins met die verkoop van beleggings	**174**	26	249
Herstruktureringskoste	**(46)**	(142)	(237)
Ander nie-herhalende en kapitale items	**10**	18	8
	3 681	2 698	6 003

Wesensverdienste rekonsiliasie

	Ses maande geëindig 30 September 2007 R'm	2006 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2007 R'm
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**4 347**	3 136	6 942
Plus/(minus):			
– Negatiewe klandisiewaarde	**–**	–	(44)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(2)**	–	–
– Wins met die aflossing en verkoop van beleggings	**(96)**	(6)	(7)
– Netto (oorskot)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(114)**	1	–
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**(150)**	154	(25)
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	**28**	(53)	(14)
– Minderheidsbelang	**3**	–	1
Wesensverdienste	**4 016**	3 232	6 853

Verkorte gekonsolideerde kontantvloeistaat

	Ses maande geëindig 30 September 2007 R'm	2006 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2007 R'm
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**481**	806	1 970
Belasting betaal	**(195)**	(524)	(676)
Dividende ontvang	**1 861**	1 361	2 736
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**2 147**	1 643	4 030
Dividende betaal	**(1 384)**	(3 069)	(3 813)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**763**	(1 426)	217
Beleggingsaktiwiteite	**(1 502)**	(1 213)	(1 725)
Finansieringsaktiwiteite	**345**	184	70
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(394)**	(2 455)	(1 438)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**4 901**	6 339	6 339
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**4 507**	3 884	4 901
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat	**4 533**	4 108	5 004
Oortrokke bankrekening	**(26)**	(224)	(103)

Verkorte gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit

	Ses maande geëindig 30 September 2007 R'm	2006 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2007 R'm
Saldo op 1 April	**46 427**	38 090	38 090
Totale inkomste verantwoord	**4 148**	8 786	14 008
Wisselkoersaanpassings	**(545)**	5 232	5 035
Netto billike waarde aanpassings vir die tydperk	**280**	352	1 846
Netto inkomste direk in ekwiteit verantwoord	**(265)**	5 584	6 881
Netto wins vir die tydperk	**4 413**	3 202	7 127
Dividende betaal	**(1 384)**	(3 069)	(3 813)
Verhoging van belang in filiaalmaatskappy	**(656)**	–	–
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**31**	8	30
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings	**3**	(14)	11
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye	**(436)**	(232)	(824)
Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie-aandele)	**–**	(942)	(1 031)
Netto aankoop van aandele deur Die Remgro Aandeletrust	**(24)**	(60)	(54)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**10**	3	10
Aandele uitgereik	**37**	–	–
Totale ekwiteit	**48 156**	42 570	46 427

Verdienste en dividende

	Ses maande geëindig 30 September 2007 Sent	2006 Sent	Jaar geëindig 31 Maart 2007 Sent
Wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**851.0**	678.1	1 445.4
– Verwater	**827.7**	659.8	1 401.3
Verdienste per aandeel			
– Basies	**921.2**	657.9	1 464.2
– Verwater	**896.2**	639.6	1 418.5
Dividende per aandeel			
Gewoon	**180.00**	153.00	434.00
– Tussen	**180.00**	153.00	153.00
– Finaal			281.00

Addisionele inligting

	30 September		31 Maart
	2007	2006	2007
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**449 003 606**	448 802 207	448 802 207
Uitgereik op 1 April	**448 802 207**	448 802 207	448 802 207
Uitgereik gedurende die tydperk	**201 399**	–	–
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**484 509 958**	484 308 559	484 308 559
Aantal aandele in tesourie gehou	**(12 042 320)**	(11 481 584)	(11 948 372)
– Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(8 554 019)**	(8 002 196)	(8 554 019)
– Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gehou en as tesourie-aandele verantwoord	**(3 488 301)**	(3 479 388)	(3 394 353)
	472 467 638	472 826 975	472 360 187
Geweegde aantal aandele	**471 894 427**	476 643 317	474 123 689
In die bepaling van verdienste en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.			
	R'm	R'm	R'm
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**12 610**	11 184	11 478
– Markwaarde	**26 251**	21 567	28 871
Ander			
– Boekwaarde	**6 556**	4 427	6 229
– Markwaarde	**6 556**	4 427	6 229
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**22 321**	20 577	21 555
– Direkteurswaardasies	**68 455**	55 867	62 969
Gesamentlike ondernemings			
– Boekwaarde	**23**	1	8
– Direkteurswaardasies	**23**	1	8
Ander			
– Boekwaarde	**88**	124	16
– Direkteurswaardasies	**88**	124	16
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**180**	246	502
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**730**	399	704
Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	**1 506**	1 283	2 748

Kommentaar

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, Wet 61 van 1973, soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE) opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die verandering in die rekeningkundige hantering van gesamentlike ondernemings. Verwys na die gedeelte met betrekking tot vorige jaar aansuiwerings vir volledige besonderhede.

Gedurende die tydperk onder oorsig het verskeie nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS in werking getree. Die implementering van hierdie nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke gehad nie.

Gedurende Julie 2007 het die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters 'n nuwe rekeningkundige riglyn met betrekking tot wesensverdienste, nl. Sirkulêre 08/07, uitgereik. Die effektiewe datum van hierdie sirkulêre is vir alle finansiële tydperke wat op of na 31 Augustus 2007 eindig. Ingevolge die sirkulêre moet vergelykende wesensverdienste in ooreenstemming met die nuwe voorgeskrewe formule hersaamgestel word indien nodig. Voorheen is wesensverdienste in terme van Sirkulêre 07/02 bereken.

Aandag word daarop gevestig dat sekere geassosieerde maatskappye nie in staat is om die nodige inligting te verskaf om Remgro in staat te stel om wesensverdienste vir die vergelykende tydperke her saam te stel nie. Dít het betrekking op geassosieerde maatskappye wat Sirkulêre 08/07 eers in latere finansiële tydperke gaan implementeer, bv. FirstRand Beperk en RMB Holdings Beperk met verwysing na hul tussenverslagdoening tot 31 Desember 2007.

Die JSE het vrystelling aan Remgro verleen rakende voldoening aan Sirkulêre 08/07 met betrekking tot genoteerde geassosieerde maatskappye wat nog nie hul hersaamgestelde wesensverdienste gepubliseer het voor Remgro sy tussenresultate vrygestel het nie. Die resultate van daardie maatskappye, wat in hierdie tussenverslag ingesluit is, is ooreenkomstig Sirkulêre 07/02 opgestel.

Enige hersamestelling van Remgro se wesensverdienste wat mag voortvloei uit 'n later hersamestelling van geassosieerde maatskappye se resultate sal met die vrystelling van die geouditeerde gekonsolideerde resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 bekend gemaak word.

2. VORIGE JAAR AANSUIWERINGS

Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot gesamentlike ondernemings

Ingevolge IAS 31: Belange in Gesamentlike Ondernemings, kan sulke entiteite verantwoord word deur van die eweredige konsolidasiemetode gebruik te maak of alternatiewelik deur

die ekwiteitsmetode te gebruik. Voorheen het Remgro sy belange in ondernemings wat gesamentlik beheer word volgens die eweredige konsolidasiemetode verantwoord en gevolglik sy deel van elk van die bates, laste, inkomste en uitgawes van die ondernemings wat gesamentlik beheer word op 'n lyn-vir-lyn-basis in sy finansiële state verantwoord.

Met ingang van 1 April 2007 het Remgro sy rekeningkundige beleid vir die rekeningkundige hantering van ondernemings wat gesamentlik beheer word vanaf proporsionele konsolidasie na die ekwiteitsmetode verander aangesien dit tot meer toepaslike openbaarmaking van gesamentlike ondernemings lei. Hierdie verandering in rekeningkundige beleid het geen uitwerking op Remgro se netto batewaarde, verdienste en wesensverdienste van die vergelykende tydperke gehad nie. Sekere lynitems in die vergelykende balansstate en inkomstestate is dienooreenkomstig hersaamgestel. Die uitwerking hiervan was nie wesentlik nie.

Vergelykbaarheid met vorige tydperke
Met ingang van 31 Maart 2007 is Business Partners Beperk (Business Partners) herklassifiseer as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy, terwyl dit voorheen onder "Beleggings – Ander" verantwoord is.

Vir die tydperk onder oorsig was Business Partners gevolglik volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, terwyl slegs dividendinkomste voorheen verantwoord was. Gevolglik is sekere inkomstestaatitems nie direk vergelykbaar met dié van vorige tydperke nie.

3. RESULTATE

Wesensverdienste
Wesensverdienste het met 24.3% vanaf R3 232 miljoen tot R4 016 miljoen toegeneem. Wesensverdienste per aandeel het egter met 25.5% vanaf 678.1 sent tot 851.0 sent toegeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram in die vergelykende tydperk.

Bydrae tot wesensverdienste

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2007	2006	2007
	R'm	R'm	R'm
Tabakbelange	**1 839**	1 483	2 964
Finansiële dienste	**1 065**	772	1 529
Nywerheidsbelange	**850**	729	1 924
Mynbelange	**176**	76	155
Korporatiewe finansies en ander belange	**86**	172	281
	4 016	3 232	6 853

Die bydrae van die tabakbelange, wat 45.8% (2006: 45.9%) van wesensverdienste verteenwoordig, het met 24.0% toegeneem.

Wisselkoersbewegings het 'n groter invloed op die groep se verdienste gehad as in die vergelykende tydperk. Weens die swakker rand, het die wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R) se bydrae tot wesensverdienste toegeneem vanaf R104 miljoen in 2006 tot R207 miljoen, soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2007	2006	2007
Gemiddelde wisselkoers (R/£)	**14.1987**	12.5995	13.2898
Sluitingswisselkoers (R/£)	**14.0020**	14.5143	14.3449
R&R se bydrae (£'m)	**130**	118	223
R&R se bydrae (R'm)	**1 839**	1 483	2 964
Gunstige wisselkoersuitwerking (R'm)	**207**	104	420

In pondterme, het R&R se bydrae met 10.2% toegeneem.

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 065 miljoen (2006: R772 miljoen) bedra. Die toename van 38.0% kan hoofsaaklik toegeskryf word aan goeie vertonings in die kleinhandel-, korporatiewe en beleggingsbank segmente.

Die bydrae van die nywerheidsbelange het met 16.6% tot R850 miljoen toegeneem (2006: R729 miljoen). Medi-Clinic en Distell het goeie resultate gelewer met bydraes van onderskeidelik R153 miljoen en R102 miljoen (2006: R131 miljoen en R74 miljoen). Rainbow se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het vanaf R107 miljoen in 2006 tot R142 miljoen toegeneem. Dié toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan Remgro se verhoogde aandeelhouding in Rainbow as gevolg van die aanbod aan Rainbow minderhede wat gedurende Junie 2007 afgehandel is. Beide UBR en Nampak het stewige verdienstegroei getoon met bydraes tot wesensverdienste ten bedrae van R121 miljoen en R77 miljoen onderskeidelik (2006: R92 miljoen en R55 miljoen).

Die mynbelange se totale bydrae tot wesensverdienste het met 131.6% tot R176 miljoen (2006: R76 miljoen) toegeneem. Dividende wat van Implats ontvang is, het R187 miljoen (2006: R73 miljoen) beloop. Trans Hex het 'n wesensverlies van R32 miljoen vir die tydperk gerapporteer (2006: R8 miljoen wins). Remgro se deel van hierdie verlies bedra R11 miljoen (2006: R3 miljoen wins).

Die sentrale tesourie-afdeling se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het van R196 miljoen tot R100 miljoen afgeneem. Hierdie afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan nie-herhalende buitelandse valutawinste ten bedrae van R74 miljoen ten opsigte van uitstaande intergroepsaldo's wat in die vergelykende tydperk verantwoord is, sowel as laer gemiddelde kontantbalanse vergelykend met 2006.

Verdienste
Totale verdienste het met 38.6% tot R4 347 miljoen (2006: R3 136 miljoen) toegeneem. Die toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan gunstige nie-herhalende en kapitale items van geassosieerde maatskappye gedurende die tydperk onder oorsig.

4. INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 3.3% vanaf R221.00 op 31 Maart 2007 tot R228.33 op 30 September 2007 toegeneem. Verwys na Bylaag A vir volle besonderhede.

5. BRITISH AMERICAN TOBACCO PLC (BAT)

Remgro se belang in BAT word verteenwoordig deur sy belang van een-derde van die gewone aandele en al die "2005" deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is. Dit gee Remgro 'n effektiewe belang van 10.6% in BAT soos op 30 September 2007 (2006: 10.4%). Die balans van die gewone aandelekapitaal van R&R word deur Compagnie Financière Richemont SA gehou.

Daar was nie 'n verandering in die aantal BAT-aandele wat R&R hou nie. Die positiewe uitwerking van BAT se volgehoue aandeleterugkoopprogram het egter R&R se belang in BAT tot 29.8% op 30 September 2007 laat toeneem (2006: 29.2%).

Remgro se deel van R&R se wesensverdienste bestaan uit 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT en sy belang in R&R se nie-BAT inkomste (insluitende inkomste toeskryfbaar aan sy belegging in die "2006" deelnemende sekuriteite wat gedurende Maart 2006 deur R&R uitgereik is).

	Ses maande tot September	
	2007	2006
	£'m	£'m
Toeskryfbare inkomste van BAT voor nie-herhalende en kapitale items	**1 177**	1 100
R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT:		
– 29.62% tot 29.84% (2006: 29.06% tot 29.21%)	**350**	320
R&R se nie-BAT inkomste	**8**	6
R&R se wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September	**358**	326
Remgro se belang daarin:		
– 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT	**124**	114
– deel van R&R se nie-BAT inkomste	**6**	4
	130	118
	R'm	R'm
Omgereken teen 'n gemiddelde R/£-koers van 14.1987 (2006: 12.5995)	**1 839**	1 483

BAT se finansiële jaar eindig op 31 Desember, en rapporteer op 'n kwartaallikse grondslag aan aandeelhouers. Die kommentaar wat hierop volg, is 'n uittreksel uit BAT se finansiële verslag vir die nege maande tot 30 September 2007. Verdere inligting oor BAT, insluitend kopieë van die jaarverslag en kwartaalverslae, is op BAT se webwerf (www.bat.com) beskikbaar.

Die gerapporteerde wins van BAT was op £2 304 miljoen 19% hoër, of 8% as nie-herhalende items uitgesluit word. Teen vergelykbare wisselkoerse, en met uitsluiting van nie-herhalende items, sou die wins uit bedrywighede, waartoe alle streke bygedra het, egter 14% hoër gewees het.

In Europa was die wins £56 miljoen beter op £650 miljoen as gevolg van die hoër marges in Rusland, Roemenië, Hongarye en Spanje. Dit is deels geneutraliseer deur laer volumes in verskeie markte, asook swakker wisselkoerse. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins met £67 miljoen, of 11%, toegeneem het.

In BAT se Asië-Stille Oseaangebied het die wins met £32 miljoen tot £498 miljoen gestyg vanweë sterk vertonings deur Australasië, Suid-Korea, Viëtnam, Pakistan en Bangladesj en ondanks die negatiewe effek van wisselkoerse. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins £47 miljoen, of 10%, meer gewees het.

Winste in Latyns-Amerika het met £103 miljoen tot £550 miljoen toegeneem danksy die sterk vertonings deur Brasilië en Venezuela, wat deels geneutraliseer is deur die laer wins in Mexiko en die ongunstige uitwerking van swakker plaaslike geldeenhede. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins met £127 miljoen, of 28%, gegroei het.

In die Afrika- en Midde-Oostestreek het die wins met £8 miljoen tot £354 miljoen gedaal as gevolg van wisselkoersbewegings. Op 'n vergelykbare wisselkoersgrondslag sou die wins egter met £45 miljoen, of 12%, toegeneem het, met sterk vertonings deur Suid-Afrika en Nigerië.

Die wins in BAT se Amerikaanse Pasifiese streek het met £12 miljoen tot £320 miljoen gedaal weens die laer wins in Kanada en die effek van swakker wisselkoerse. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins £15 miljoen, of 5%, hoër gewees het.

BAT se aandeel in die na-belaste resultate van sy geassosieerdes het met £13 miljoen tot £335 miljoen verminder. As uitsonderlike items van 2006 uitgesluit word, was BAT se aandeel in die na-belaste resultate van geassosieerdes op £335 miljoen net effens hoër, maar teen vergelykbare wisselkoerse sou dit 8% beter gewees het. Die bydrae deur Reynolds American, met uitsluiting van die voordeel voortspruitend uit die gunstige afhandeling van belastingkwessies in 2006, was £10 miljoen laer weens die uitwerking van die swakker VSA-dollar. BAT se geassosieerde in Indië, ITC, het sy sterk groei voortgesit en sy bydrae het met £12 miljoen tot £77 miljoen toegeneem.

BAT se aangepaste, verwaterde verdienste per aandeel vir die negemaande-tydperk het met 9% tot 82.00 pennies gestyg hoofsaaklik as gevolg van die sterk bedryfswins, wat deels geneutraliseer is deur die ongunstige uitwerking van valutabewegings. Sowat 38 miljoen aandele is in die nege maande teruggekoop teen 'n koste van £612 miljoen en teen 'n gemiddelde van 1 630 pennies per aandeel.

6. ANDER BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge in Remgro se ander beleggings gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Rainbow Chicken Beperk (Rainbow)

Gedurende Maart 2007 het Remgro ingevolge 'n reëlingskema 'n aanbod gemaak ten einde die totale uitgereikte aandelekapitaal van Rainbow wat hy nog nie besit nie, te bekom.

Die aanvanklike aanbod was vir 'n kontantvergoeding van R16.00 per Rainbow-aandeel, óf 9 Remgro gewone aandele vir elke 100 Rainbow-aandele gehou óf 'n kombinasie van bostaande. Op 5 Junie 2007 het Rainbow se aandeelhouers teen die reëlingskema gestem.

'n Alternatiewe aanbod bestaande uit 'n kontantvergoeding van R16.00 per Rainbow-aandeel óf 8.1 Remgro gewone aandele vir elke 100 Rainbow-aandele gehou óf 'n kombinasie daarvan, het op 6 Junie 2007 in werking getree.

Ingevolge bogenoemde aanbod het Remgro 30 236 876 Rainbow-aandele verkry. Hiervan is 27 749 336 aandele vir 'n kontantvergoeding van R16.00 per Rainbow-aandeel vir 'n totale bedrag van R446.4 miljoen verkry, terwyl die oorblywende 2 487 540 Rainbow-aandele verkry is deur die uitreiking van 201 399 Remgro-aandele wat teen 'n gemiddelde prys van R186.10 per Remgro-aandeel uitgereik is.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 10 699 024 Rainbow-aandele in die ope mark teen R16.00 per aandeel vir 'n totale bedrag van R171.9 miljoen verkry. Op 30 September 2007 was Remgro se effektiewe belang in Rainbow 74.0% (31 Maart 2007: 61.4%).

PG Groep van Maatskappye (PG)
Met ingang van 31 Julie 2007 het Remgro 'n belang van 24.5%, op 'n ten volle verwaterde grondslag, in PG vir R719.5 miljoen, transaksiekoste ingesluit, verkry. Gedurende die tydperk onder oorsig is geen inkomste vanaf PG verantwoord nie. Vir Remgro se jaar geëindig 31 Maart 2008 sal PG, wat 'n Desember-jaareinde het, volgens die ekwiteitsmetode vir die vyf maande tot Desember 2007 verantwoord word. In die toekoms sal PG jaarliks vir die twaalfmaande-tydperk geëindig Desember deur Remgro geëkwiteer word.

Daar moet kennis geneem word dat die aankoopprystoekenning, ingevolge IFRS 3: Besigheidskombinasies, tans nog in proses is.

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)
Gedurende die 2007-finansiële jaar het Remgro ooreenkomste met KTI en KIEF aangegaan ingevolge waarvan Remgro hom verbind het om R350 miljoen in KIEF te belê. Die fonds het 'n teikengrootte van R650 miljoen en beoog om in infrastruktuurprojekte, insluitende paaie, lughawens, kragstasies, telekommunikasie-installasies, spoorwegnetwerke, hawens en water- en sosiale infrastruktuur, te belê. Teen 31 Maart 2007 was R4.7 miljoen van die R350 miljoen belê. Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere R36.7 miljoen in KIEF belê.

Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar)
Grondeise
Met ingang van 1 April 2007 het Tsb Sugar die Tenbosch-grondeistransaksie afgehandel. Ingevolge dié transaksie is 4 800 hektaar (ha) besproeide suikerrietlandbougrond in die Nkomazi-omgewing aan grondeisers vir 'n bedrag van R285 miljoen verkoop. Hierdie transaksie het die eerste fase van Tsb Sugar se grondhervormingsproses verteenwoordig.

Die tweede fase van Tsb Sugar se grondeistransaksies is tans in proses en bestaan uit die oorblywende geëiste grond, hoofsaaklik in die Malelane-omgewing. Dié fase sal die verkoop van 3 162 ha suiker en 71 ha lietsjies, alles onder besproeiing, behels sowel as 2 599 ha wat nie onder besproeiing is nie. Na verwagting sal hierdie transaksie in die volgende finansiële jaar afgehandel word.

Resource Energy BV (RE)
Gedurende die tydperk onder oorsig het Tsb Sugar en sy mede-stigteraandeelhouers, d.i. Compagnie Industriali Riunite van Italië en VenFin Beperk, die maatskappy RE gestig. Tsb Sugar het 'n 25%-belang in RE vir 'n totale bedrag van R7.9 miljoen bekom. Bykomende beleggings sal op 'n projek-vir-projek-basis gemaak word.

RE is betrokke by hernubare energie deur die verkryging, ontwikkeling en integrasie van biobrandstof produksieaanlegte, met 'n aanvanklike fokus op die produksie van etanol uit suikerriet.

Business Partners Beperk (Business Partners)
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 437 330 Business Partners-aandele vir 'n totale bedrag van R2.5 miljoen verkry. Op 30 September 2007 was Remgro se belang in Business Partners 21.5% (31 Maart 2007: 21.3%).

Terugkoop van Remgro-aandele
Op 30 September 2007 is 8 554 019 Remgro gewone aandele (1.9%) as tesourie-aandele gehou (31 Maart 2007: 8 554 019 aandele).

Die Remgro Aandeletrust het gedurende die tydperk onder oorsig 150 566 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R189.19 vir 'n totale bedrag van R28.5 miljoen aangekoop, terwyl 56 618 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

Sedert 30 September 2007:

Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic)
Op 26 Oktober 2007 het Medi-Clinic aangekondig dat daar aan al die opskortende voorwaardes vir die verkryging van Hirslanden Finanz AG (Hirslanden) ten bedrae van CHF 2 556 miljoen voldoen is. Hirslanden is die houermaatskappy van die grootste privaathospitaalgroep in Switserland. Medi-Clinic gaan CHF 1 114 miljoen van die koopprys uit eie fondse finansier, terwyl 'n vaste rentekoerslening vir die oorblywende gedeelte met Barclays Capital beding is.

Terselfdertyd het Medi-Clinic 'n regte-aanbod van 198 675 497 van sy aandele teen 'n uitreikingsprys van R22.65 per aandeel voorgestel. Remgro het homself onherroeplik verbind om aan die regte-aanbod deel te neem en gaan 86 217 868 Medi-Clinic-aandele ten bedrae van R1 952.8 miljoen opneem.

FirstRand Beperk (FirstRand) en RMB Holdings Beperk (RMBH)
Op 7 November 2007 het FirstRand se aandeelhouers sy voorgestelde ontbondeling van sy aandeelhouding in Discovery Holdings Beperk (Discovery) goedgekeur. Die transaksie behels die verkoop van 21 569 301 Discovery-aandele aan senior bestuur van Discovery, die Discovery aandeletrust sowel as RMBH. FirstRand sal op 26 November 2007 sy oorblywende aandeelhouding in Discovery in die verhouding van 5.61343 Discovery-aandele vir elke 100 FirstRand-aandele aan sy aandeelhouers uitkeer.

RMBH het, ingevolge 'n afsonderlike ooreenkoms met Remgro, ingestem om die 27 008 590 Discovery-aandele wat Remgro ingevolge bogenoemde ontbondeling ontvang, te verkry deur die uitreiking van 21 302 886 RMBH-aandele teen R33.94 per aandeel vir 'n totale bedrag van R723 miljoen.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro ook 30 000 RMBH-aandele in die ope mark teen R33.49 per aandeel vir 'n totale bedrag van R1.0 miljoen verkry. Na hierdie transaksies sal Remgro se belang in RMBH 25.0% wees (31 Maart 2007: 23.7%).

Unilever Bestfoods Robertsons (Holdings) Limited L.L.C. (UBR)
Tot Oktober 2007 het Remgro 'n 41%-belang in UBR gehou, wat op sy beurt 100% van die Unilever South Africa Foods (SA Foods) en Unilever Israel Foods-besighede besit het. Die UBR-onderneming het geen belang in die Unilever South Africa Home and Personal Care (SA HPC)-besighede gehad nie.

Unilever het wêreldwyd sy organisasiestruktuur vereenvoudig. Dit het onder andere die samevoeging van die SA Foods- en SA HPC-besighede in 'n enkele leierskaps- en bedryfsraamwerk onder die "One Unilever-program" ingesluit.

Gedurende Oktober 2007 het Remgro en Unilever ooreengekom dat Remgro sal disinvesteer van sy 41%-belang in UBR in ruil vir 'n 25.75%-belang in die totale Unilever Suid-Afrika besigheid, bestaande uit die gekombineerde SA Foods en SA HPC-besighede. Hierdie herstrukturering het geen uitwerking op die resultate vir die tydperk onder oorsig gehad nie.

7. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Tsb Sugar
Tsb Sugar se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R55 miljoen (2006: R54 miljoen) bedra.

Na verwagting sal Tsb Sugar se suikerproduksie vir die seisoen tot 493 500 ton (2006: 436 804 ton) toeneem. Dié toename kan toegeskryf word aan die terugkeer na byna normale suikerproduksie vanweë die verbetering in heersende klimaatstoestande. Rietopbrengste het met 10% toegeneem danksy die toename in waterbeskikbaarheid. Daar word verwag dat die uitvoersuikerprys laer sal wees as die vorige jaar. Dit, saam met die sterker rand sal na verwagting tot laer uitvoerinkomste lei. Tsb Sugar het voordeel getrek uit die hoër suikerprys in die plaaslike mark. Gedurende die tydperk onder oorsig het Royal Swaziland Sugar Corporation se bydrae tot Tsb Sugar se wins toegeneem.

Business Partners
Business Partners se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R13 miljoen (2006: R5 miljoen) bedra.

Business Partners is 'n vooraanstaande belegger van kapitaal, vaardigheid en kennis in klein en medium ondernemings. Business Partners se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 30 September 2007 het met 26.1% tot R63 miljoen toegeneem. Die vernaamste redes vir die groei in winste was die toename in bedryfsinkomste (deels vanweë die onlangse toenames in rentekoerse), doeltreffende beheer oor uitgawes en winste gerealiseer met die realisasie van beleggings.

Beleggings ten bedrae van R496 miljoen (2006: R486 miljoen) is gedurende die sesmaande-tydperk goedgekeur, wat effens minder is as begroot. 'n Toename in beleggingsaktiwiteite, hoër as gedurende die eerste ses maande, word in die tweede helfte van die finansiële jaar verwag.

Wispeco Beherend Beperk (Wispeco)
Wispeco se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2007 was laer hoofsaaklik weens prysdruk wat deur invoere uit China veroorsaak is. Omsetvolume vir die halfjaar was 3% hoër as die vergelykende tydperk, terwyl bruto winsgrense afgeneem het.

Wesensverdienste vir die halfjaar het R26.5 miljoen bedra, wat 24% laer is as in dieselfde tydperk verlede jaar.

'n Moontlike positiewe uitkoms van die voorgesette teenstortingsondersoek na ingevoerde uitpersprodukte vanaf China, sowel as die verlaging van uitvoerkortings deur China, kan bydra tot 'n gelyker speelveld in die plaaslike mark.

Vooruitsigte vir 'n herstel van winsmarge versterk Wispeco se groeistrategie en die uitbreidingsprogramme wat in 2006 begin is. 'n Agtste uitpersaanleg word tans in bedryf gestel, terwyl drie nuwe poeierverfaanlegte teen die einde van die jaar in gebruik geneem sal word. 'n Nuwe verkoopsdepot is ook in die Oos-Kaap geopen.

Total South Africa (Edms) Beperk (Total South Africa)
Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig was R118 miljoen (2006: R116 miljoen). Die toename in verkope van petroleumprodukte in Suid-Afrika het voortgeduur. Total South Africa se markaandeel vir hoofbrandstowwe was onveranderd op 14.7% met die addisionele inkomste as gevolg van hoër volumes wat teengewerk is deur laer klaarprodukherwaarderingswinste in teenstelling met die vorige jaar, wat bemarkingswinste bykans onveranderd gelaat het.

Natref, waarin Total South Africa 'n belang van 36% het, was vir ses weke vanaf Mei 2007 gesluit. Die positiewe uitwerking van beide prysstygings binne die Suid-Afrikaanse reguleringsomgewing en die swakker randwisselkoers, het veroorsaak dat raffineringswinste onveranderd was. Raffineringsvolumes het gedurende die laaste gedeelte van 2007 herstel tot vorige vlakke.

Air Products South Africa (Edms) Beperk (Air Products)
Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R43 miljoen (2006: R33 miljoen) bedra. Dié groei is ondersteun deur 'n sterk vraag na gasprodukte deur die meeste sektore van die ekonomie. Vir die ses maande geëindig 30 September 2007, het wins na belasting tot R83 miljoen (2006: R62 miljoen) toegeneem vanweë bedryfsdoeltreffendhede, verbeterde winsgrense en 'n verlaging in die effektiewe belastingkoers.

Nuwe lugskeidingsaanlegte is in Suid-Afrika in bedryf gestel om gas aan Impala Platinum en die PG Groep, en in Zambië aan die Mopani Copper Mines sowel as First Quantum Minerals, te verskaf. Ondanks die uitwerking van die verlaagde volumes by die maatskappy se Vanderbijlparkaanleg na Mittal Steel se hoogoondsluiting tussen April en Augustus, het die bykomende produksievolumes bygedra tot dubbelsyfer volume- en omsetgroei in die grootmaatgasbesigheid.

Infrastruktuurontwikkeling het groei in die silindergas- en ander verpakte gasprodukte, veral argon, tot gevolg gehad en daar word verwag dat dit in die komende jaar sal voortduur.

UBR
UBR se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk, wat rente op die aandeelhouerslening van R5 miljoen (2006: R8 miljoen) insluit, het R121 miljoen (2006: R92 miljoen) bedra.

Die toename in bydrae is hoofsaaklik as gevolg van groei in omset en die gevolglike hoër bruto wins. Die uitwerking van die verhoogde omset is gedeeltelik teengewerk deur investering in prys, advertensie- en promosieaktiwiteite sowel as insetkoste-inflasie.

Die Suid-Afrikaanse kleinhandelomgewing het onderliggende groei van 10.9% gelewer, gedryf deur 'n kombinasie van volume- en prysgroei. Die Israel-besigheid het 'n toename van 7.1% in omset gerapporteer.

KTI
KTI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig was R18 miljoen (2006: R37 miljoen) hoofsaaklik as gevolg van laer gunstige billike waarde aanpassings verantwoord op die omskeppingsreg wat kleef aan sy aandeelhouding in Metropolitan Holdings Beperk voorkeuraandele teenoor die vergelykende tydperk. Die toename in die intrinsieke waarde van die onderliggende beleggings was bevredigend.

Omsigtigheidsaankondiging

Aandeelhouers word verwys na die omsigtigheidsaankondiging, gedateer 19 November 2007 en word gevolglik aangeraai om steeds omsigtig te wees met die verhandeling van hulle aandele.

Verklaring van kontantdividend

Verklaring van Dividend Nr 15
Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 180 sent (2006: 153 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2007 geëindig het.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 4 Januarie 2008
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die tussendividend wees	Maandag, 7 Januarie 2008
Rekorddatum	Vrydag, 11 Januarie 2008
Betaaldatum	Maandag, 14 Januarie 2008

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 7 Januarie 2008, tot Vrydag, 11 Januarie 2008, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
26 November 2007

Direksie

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert (*Voorsitter*), E de la H Hertzog (*Ondervoorsitter*), P E Beyers, G D de Jager*, J W Dreyer, P K Harris*, J Malherbe, M M Morobe*, D Prins*, M Ramos (mej)*, F Robertson*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
M H Visser (*Hoofuitvoerende beampte*), W E Bührmann, D M Falck, J A Preller (mev), T van Wyk

Maatskappy-inligting

Sekretaris
M Lubbe (mev)

Notering
JSE Beperk
Sektor: Finansieel – Algemene Nywerhede

American depositary receipt (ADR) program
Cusip nommer 75956M107 ADR tot gewone aandeel 1 : 1

Depositaris
The Bank of New York, 101 Barclay Street, New York NY 10286

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ing., Kaapstad

Borg
Rand Aksepbank ('n Deel van FirstRand Bank Beperk)

www.remgro.com

Bylaag A

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	Aantekeninge	Aandele gehou miljoen	Beurs-sluitings-prys	£'m	Wisselkoers	30 September 2007 R'm	31 Maart 2007 R'm
Tabakbelange							
R&R Holdings				**3 941.7**	**14.0020**	**55 191**	52 229
– BAT-gewone aandele	1	**214.3**	**1 752**	**3 754.5**			
– Kontant en dividende ontvangbaar				**187.4**			
– Ander netto bates/(laste)				**(0.2)**			
Finansiële dienste							
FirstRand		**481.1**	**2 210**			**10 633**	11 836
RMB Holdings		**281.0**	**3 337**			**9 376**	10 111
Nywerheidsbelange							
Medi-Clinic Korporasie		**171.1**	**2 220**			**3 799**	4 295
Distell Groep		**58.7**	**6 398**			**3 754**	3 054
Unilever Bestfoods Robertsons						**3 663**	3 020
Rainbow Chicken		**214.6**	**1 610**			**3 455**	2 778
Total South Africa						**2 585**	2 226
Tsb Sugar						**1 773**	1 980
Nampak		**78.1**	**2 160**			**1 687**	1 735
Kagiso Trust Investments						**1 278**	1 312
Air Products South Africa						**1 039**	910
PG Groep						**719**	–
Wispeco						**403**	421
Dorbyl		**14.1**	**1 025**			**144**	211
Caxton		**7.8**	**1 750**			**136**	130
Mynbelange							
Implats		**26.7**	**24 000**			**6 405**	6 085
Trans Hex Groep		**30.2**	**1 205**			**364**	438
Ander							
Diverse beleggings en lenings						**296**	220
Uitgestelde belastingbate/ (-aanspreeklikheid)						**(785)**	(738)
Ander netto bates/(laste)						**416**	506
Kontant by die kern							
– Plaaslik	2					**977**	1 220
– Buiteland	2			**211.6**	**14.0020**	**2 963**	3 137
Intrinsieke netto batewaarde						**110 271**	107 116
Potensiële KWB-aanspreek-likheid	3					**(2 386)**	(2 714)
Intrinsieke netto batewaarde na belasting						**107 885**	104 402
Intrinsieke waarde per aandeel						**R228.33**	R221.00
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop en aandele in Die Remgro Aandeletrust (miljoen)						**472.5**	472.4

Aantekeninge

1. Dit verteenwoordig Remgro se effektiewe belang van 10.6% in BAT Plc.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale en geassosieerde maatskappye wat afsonderlik hierbo gewaardeer is.
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings beskikbaar vir verkoop (Implats en Caxton) is onder "Ander" hierbo ingesluit.
4. Ongenoteerde beleggings word teen direkteurswaardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.